

**2 Februarie**

**Skrifgedeelte: Numeri 14**

**Fokusgedeelte: Numeri 14:24**

**Afhanklik van God die toekoms in**

Ons Here Jesus begin sy eerste openbare preek met die woorde: "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel" (Matt 5:3).

Om afhanklik te wees, is nie maklik nie. Inteendeel, dit is teennatuurlik. Daarom kry bejaardes swaar as hulle skielik nie meer self motor kan bestuur en hulle eie inkopies kan doen nie.

Maar presies dit is die verskil tussen Kaleb en die ander verspieters – hy is afhanklik van God. Tien van Israel se leiers bewes hulle van die verkennerstog af terugkom. Hulle oë is gefokus op die versterkte stede en die reuse. Hulle vergeet van die Almag van God wat hulle deur kragtige wonderwerke uit Egipte bevry het.

Wanneer ons oë op die reuse van die wêreld gerig is, dan is ons oë van God af. Wanneer ons oë van God af is en ons nie afhanklik van Hom die probleemsituasies in die wêreld hanteer nie, dan minag ons Hom (vgl. Num 14:23). En dan is ons nie geskik vir die koninkryk van die hemel nie. Die tien verspieters en hulle nageslag se dooie liggames het in die woestyn agterbly, hulle het nie die beloofde land ingegaan nie.

So herinner die Hebreërskrywer die Nuwe-Testamentiese kerk dat ons nie vanweë ongeloof die hemelse rus moet verbygaan nie. Dit is 'n tema dwarsdeur die Bybel – geloof en afhanklikheid van God vir tyd en ewigheid loop hand aan hand. Daarom bely God se kinders dit in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 7, dat geloof nie alleen 'n vasstaande kennis is nie, maar ook 'n vaste vertronde.

Nooit hoef God se uitverkorenes die toekoms met 'n swaar hart in te gaan nie, want die God wat ons aanbid, is die Drie-enige God wat die Farao geknak het. En Hy is steeds in beheer met sy kerk, op pad na die Nuwe Jerusalem.

*Sing: Skrifberyming 14-2*

*Ds. JL Aucamp (Kempton Park-Mooifontein)*

